## 7. RESENSIE

**NOTULE VAN DIE VOLKSRAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK (met bylaes), deel VIII, 1868-1869,** geredigeer deur D.C. Joubert (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 8); Pretoria, Staatsdrukker, 1989. 368 pp.

Hierdie bronnepublikasie, wat onder redaksie van die Direkteur van Argiewe en die Suid-Afrikaanse Argiefkommissie uitgegee word, bevat die notule van die Volksraadsitting van 14 September tot 28 November 1868, wat 98 bladsye van die werk beslaan, asook, in enkele bladsye, die notules van die kort Volksraadsittings van April en Mei 1869. Verder bevat die boek 'n groot aantal bylaes wat betrekking het op die notules, onder meer versoekskrifte en memories van burgers, besluite van die Uitvoerende Raad en ook 'n aantal briewe van en aan die Transvaalse president, M.W. Pretorius. So is daar onder meer 'n brief van die destydse Pruisiese koning Wilhelm I en sy kanselier, Otto van Bismarck, in verband met die aanstelling van 'n konsul van die Suid-Afrikaanse Republiek in die toe pasgestigte Noord-Duitse Bond (die voorloper van die Duitse keiserryk).

Die gepubliseerde Volksraadsnotules in die **Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek** is as grondteks gebruik en met die ongepubliseerde notule vergelyk. Soms is dit daaruit aangevul, en waar daar verskille tussen die twee weergawes bestaan, word dit in voetnote aangedui. Bylaes is ook uit die **Staats Courant** en verder uit die argiewe van die Staatsekretaris en die Uitvoerende Raad en veral die argief van die Sekretaris van die Volksraad geneem. Enkele bylaes waarna in die notule verwys word, kon nie opgespoor word nie. Die taal en styl van die stukke is onveranderd gelaat, behalwe vir enkele kleiner veranderings, soos die gebruik van hoofletters waar hulle nie hoort nie. Terwyl die notules self in goeie Nederlands deur die Sekretaris van die Volksraad, J.G.C. van Leenhof, geskryf is, toon die burgers wat versoekskrifte of briewe met klagtes aan die Volksraad gerig het, dikwels maar 'n baie gebrekkige kennis van die Nederlandse taal en spelling. So skryf P.A. Venter van Pretoria byvoorbeeld aan president M.W. Pretorius:

> Hoog Ede., Ondergeteekende wenden zeg met verschuldig eerbit toit U Hoof Ed. ten ijnde van U Hoog Ed. te verzoiken een streepje gront

aan myn plaats op het hoogevelt geenspekteert door N. Grobler genaamp Zondagvontyn. (p. 162.)

Die dokumente wat in hierdie werk gepubliseer word, bied 'n interessante perspektief op die werksaamhede van die Volksraad en van die hele regering in hierdie vroeë jare van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die Volksraad het hom besig gehou met 'n groot verskeidenheid sake, wat die toekenning van plase aan burgers ingehou het, maar ook met ernstige probleme, veral rakende die verhouding met omliggende swart stamme met wie die jong republiek dikwels op gespanne voet verkeer het. Die dokumente wat in hierdie bundel byeengebring is, is egter nie net van belang ten opsigte van die politieke geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Dit bied ook insig in die ekonomiese en maatskaplike omstandighede wat in hierdie tyd in Transvaal geheers het. 'n Uitvoerende Raadsbesluit in verband met 'n brief van ene D.P. Taljaard, waarin hy kla oor "de slechten toestand van de straten en watervoor te Potchefstroom, dat onder anderen een straat is toegemuurd en moddergaten in de straten worden gemaakt en doode, verrotte honden in de straten liggen" (p.178), kan byvoorbeeld help om 'n beeld te vorm van die toestande in Potchefstroom en ander Transvaalse dorpe in 1868.

Hierdie bronnepublikasie is, soos die ander in die reeks van gepubliseerde Suid-Afrikaanse argiefstukke, deeglik en professioneel versorg. Die uitvoerige inhoudsopgawe en volledige indeks maak dit maklik toeganklik vir die navorser. Die tipografie en druk- en bindwerk is ook van hoë gehalte. Dit is net jammer dat, nadat die eerste volume in die reeks oor die Volksraadnotules van die Suid-Afrikaanse Republiek al veertig jaar gelede verskyn het, daar nou eers gevorder is tot 1869. Teen hierdie tempo kan dit nog meer as 'n halfeeu duur voor die reeks voltooi is. In hierdie moeilike ekonomiese tye is dit tog 'n rede tot dankbaarheid dat daar nog geld beskikbaar is om hierdie werke uit te gee. Daarmee word belangrike hulpdiens aan historici verskaf en historiese dokumente binne die bereik van almal met 'n belangstelling vir die Transvaalse geskiedenis gebring.

P. de Klerk

Departement Geskiedenis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Vaaldriehoekkampus.)